# Transformasieteologie of Skrifteologie? Kerklike verskuiwings ten opsigte van volkereverhoudings

Pieter Potgieter
Dekaan: Fakulteit Teologie
Universiteit van die Vrystaat
BLOEMFONTEIN
E-pos: pcp.stg@mail.uovs.ac.za

**Abstract**

**Transformation theology or Biblical theology? Ecclesiastical shifts with regard to race relations**

*Changes that recently took place in the race relations policy of South Africa’s largest Reformed church raise the question whether it was the result of a shift in theological paradigm, or rather caused by external factors or current political notions. By investigating historical developments in this regard, the author argues that a thorough application of sound Reformed hermeneutical principles was indeed a determinant in recent theological reflection, rather than ideological motives. For the church this change in a sense indeed provided a new model for theological thought. Together with these changes which led to the rejection of apartheid, not only in its application, but also in its fundamental nature, came a better understanding of the truth that theological statements will always be provisional. Thus church and theology will profit by a better understanding of God’s truth, not only as far as race relations are concerned, but indeed for human society at large.*

**Opsomming**

**Transformasieteologie of Skrifteologie? Kerklike verskuiwings ten opsigte van volkereverhoudings**

*Die afgelope twee dekades het ingrypende veranderinge meegebring in die beleid oor volkereverhoudings van die NG Kerk, wat Suid-Afrika se grootse gereformeerde kerkgemeenskap is. ’n Belangrike vraag is of dit gevolg het op verskuiwings in hierdie Kerk se teologiese paradigma, en of dit eerder veroorsaak is deur eksterne*

*faktore of eietydse politieke sienings. Deur historiese ontwikkelinge na te gaan, stel die skrywer vas dat die deeglike toepassing van gesonde hermeneutiese beginsels – eerder as ideologiese beweegredes – 'n belangrike faktor was in onlangse teologiese nadenke. Dit het trouens 'n nuwe teologiese model in dié verband vir die Kerk daargestel. Hierdie veranderinge – wat gelei het tot die verwerping van apartheid, nie net in sy toepassing nie, maar ook na sy wesenlike aard, het gepaard gegaan met 'n beter begrip van die waarheid dat teologiese uitsprake in 'n sin altyd voorlopig moet wees. Langs dié weg sal kerk en teologie baat by 'n beter begrip van God se waarheid, nie net met betrekking tot volkereverhoudings nie, maar ook vir breë samelewingsbeginsels.*

## 1. Inleiding

Die wedersydse beïnvloeding van kerk en samelewing, of soms van kerk en staat, is geen ongewone verskynsel in die ontwikkelingsgang van die geskiedenis nie. Dieselfde is ook waar van teologie en ideologie. Daar kan trouens dikwels 'n logiese verband tussen die eerste verskynsel en die tweede aangetoon word. 'n Vraag wat relevant bly, is tot watter mate dit in die afgelope twee tot drie dekades in die Afrikaanse gereformeerde kerkgemeenskappe gebeur het. Dit sou uiteraard 'n onbegonne taak wees om dié vraag oor die wye spektrum van al die kerkgemeenskappe in hierdie kategorie binne die bestek van 'n enkele artikel aan die orde te stel. Daar sal gevolglik gekonsentreer word op gebeure in die grootste van die drie sogenaamde Afrikaanse kerke, naamlik die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk).

Dit sal belangrik wees om te bepaal of daar inderdaad in die jongste jare 'n teologiese paradigmaverskuiwing plaasgevind het. Indien dit die geval blyk te wees, moet ook vasgestel word of dit werklik dieper gegrond was as blote navolging van 'n veranderende openbare mening en politieke tendense.

## 2. Historiese aanloop

Daarby kom dat geen teologie losgemaak kan word van sy historiese wortels nie. 'n Kursoriese oorsig van die tersaaklike geskiedenis is derhalwe onontbeerlik. Na die kerkplanting op Suid-Afrikaanse bodem in 1652 sou daar vir meer as twee eeue 'n enkele kerklike struktuur met slegs een vorm van lidmaatskap bestaan. Eers sedert die helfte van die negentiende eeu sou daar afsonderlike bedieninge – en uiteindelik ook afsonderlike kerke – vir die verskillende etniese groepe ontstaan. Merkwaardig genoeg was daar egter indertyd geen poging om aparte kerke of bedieninge *teologies* te regverdig nie. Die toegewing van die Kaapse sinode van 1857 om aparte Nagmaalsdienste vir gekleurdes toe

te laat "ter wille van die swakheid van sommige" was oënskynlik eerder om praktiese redes, alhoewel rassevooroordeel moontlik toe al 'n rol gespeel het (Coertzen, 2001:59). Die amptelike stigtingsdatum van 'n aparte kerk vir mense van kleur is 1881, toe die eerste sinode van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (NGSK) in Wellington byeengeroep is.

Die NG Kerk van die negentiende eeu kan oor die algemeen gesproke sonder twyfel as inherent behoudend ten opsigte van sy teologie getipeer word. Konfessionele bande was sterk, terwyl daar ook 'n duidelike evangeliese tendens teenwoordig was. Terselfdertyd was daar egter ook predikante van die Kerk wat sterk beïnvloed is deur die liberale denke wat indertyd aan verskeie Europese universiteite die gangbare teologiese benadering was. Professor Hofmeyer van die Teologiese Kweekskool op Stellenbosch het dit binne 'n jaar na sy aanstelling byvoorbeeld nodig gevind om 'n duidelike waarskuwing in dié verband te laat hoor (Hanekom, 1951:57). Die teologiese hoofstroom was egter konserwatief. Die invloed van die eerste professore aan die Stellenbosse Kweekskool, destyds die enigste opleidingsinstansie vir predikante van dié Kerk, was 'n belangrike faktor hierin.

Strauss (2000:117 e.v.) onderskei vier belangrike faktore wat histories kenmerkend is van die gereformeerde teologiese tradisie in Suid-Afrika. Die eerste is 'n klaarblyklike *oriëntering in die Europese teologie* – by name die Nederlandse. Die invloed van teoloë soos Kuyper, Bavinck en later ook Berkouwer en Karl Barth is onmiskenbaar. Daarby kom die sterk *konfessionele verbondenheid van professore* aan die teologiese skole, waaraan die ortodoksie van predikante wat onder hulle afgestudeer het, te verklaar is. 'n Verdere faktor is die *evangeliese benadering* met sy sterk nadruk op persoonlike geloof, 'n vroom lewe, sendingywer en die hartlike begeerte om die samelewing op 'n Christelike grondslag te plaas wat veral in die NG Kerk as deurlopende lyn teenwoordig was. Verder was daar ook 'n voortgaande sosiale betrokkenheid van teoloë, waardeur aktuele kwessies meermale onder die loep gekom het. Dit is ook geen onbekende feit nie dat beduidende meningsverskille onder teoloë van die NG Kerk gehoor is – veral ten opsigte van volkereverhoudings en apartheid.

In die praktyk het rasse-apartheid of segregasie 'n lang geskiedenis in Suid-Afrika. In die negentiende eeu was dit 'n algemene verskynsel in die Britse kolonies en in die onafhanklike republieke. Dit het trouens spoedig meer as maar net 'n praktiese ordereëling geword. Sedert 1910 was dit die amptelike beleid van al die regerings van die Unie van Suid-Afrika. Oorspronklik is rasse-segregasie selfs ondersteun deur vooraanstaande leiers van die ANC, al was dit dan met bepaalde voor-

behoude (Kinghorn, 1986:1). Die stelsel wat later as apartheid bekend gestaan het, was egter nie naastenby blote segregasie nie. Apartheid het geen ruimte gelaat vir persoonlike voorkeure nie.

Alhoewel etniese kerke teen die eerste helfte van die twintigste eeu reeds goed gevestig was, is die bestaan daarvan indertyd selde bevraagteken. Na die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party in 1948 en die daaropvolgende formalisering van apartheid in staatswetgewing, het die prentjie ingrypend verander. Kerk-apartheid het meer en meer die objek van ernstige kritiek geword, en as grootste verteenwoordiger van die Afrikaanse kerkegemeenskap het die NG Kerk toenemend in die spervuur gekom. Aanvanklik was dit in hoofsaak eksterne kritiek, alhoewel ’n klein minderheid binne die Kerk ook sy ernstige beswaar te kenne gegee het.

Dit was ook die tyd waarin ’n teologiese begronding vir afsonderlikheid binne die NG Kerk algaande ontwikkel is. Daar was volgens Kinghorn egter ook ’n aantal historiese, filosofiese en selfs ideologiese faktore wat ’n belangrike rol in die benadering van Suid-Afrikaanse teoloë in die gereformeerde tradisie gespeel het – onder andere die idee van ’n *corpus Christianum* waardeur Europese waardes gelykgestel is aan Christelike waardes, met die gepaardgaande gedagte van blanke voogdyskap oor die nie-blanke. Kinghorn meen ook dat rassisme gesterk is deur die simpatie van baie Afrikaners met die Duitse idealisme van die dertigerjare. ’n Sterk afkeer van liberalisme het ook gelei tot ’n verskraalde en biblisistiese Skrifgebruik, terwyl die piëtisme, ’n Kuyperiaanse Calvinisme en die sendingbenadering van Gustav Warneck verder bygedra het tot die idee van afsonderlike, rasgebaseerde kerke (Kinghorn, 1986:48 e.v.).

Voor 1935 was daar geen noemenswaardige amptelike standpunte van die NG Kerk ter ondersteuning van apartheid nie. In daardie jaar aanvaar die Federale Raad van NG Kerke egter ’n dokument wat onder andere die volgende sê:

> Die tradisionele vrees by die Afrikaner vir ‘Gelykstelling’ tussen swart en wit is gebore uit sy afkeer van die idee van rassevermenging. Die kerk verklaar hom onomwonde teen hierdie vermenging en teen alles wat dit in die hand sal werk, maar misgun aan die ander kant die naturel en kleurling ewe min ’n sosiale status so eerbaar as hy kan bereik. Elke Nasie het die reg om homself te wees en te trag om homself te ontwikkel en op te hef. Waar die Kerk hom dus teen sosiale gelykstelling in die sin van verontagsaming van ras- en kleurverskille tussen wit en swart in die daelikse omgang verklaar, wil hy sosiale differensiasie en geestes- of kulturele segregasie

> aanmoedig en bevorder, tot voordeel van beide seksies (Raad van Kerke, 1935:94 e.v.).

Dieselfde dokument sê ook dat die beleid van voogdyskap geleidelik behoort te ontwikkel tot ’n beleid van onafhanklikheid en selfbeskikking vir die kleurling en die naturel in hulle eie gemeenskap, skool en kerk. Dit was egter eers in 1943 dat daar onomwonde beweeg is in die rigting van ’n teologiese begronding vir apartheid as die Raad van Kerke sê dat “volgens die Bybel God in waarheid nasies so in aansyn roep (Gen. 11:1-9, Hand. 2:6,8,11) met elk sy eie taal, geskiedenis, Bybel en kerk en dat die heil ook van die naturellestamme in ons land daarom moet gesoek word in geheiligde selfrespek en in Godgegewe nasietrots” (Raad van Kerke, 1943:22).

## 3. Teologiese regverdiging

Daar is dus telkens verder beweeg in die rigting van ’n teologiese regverdiging van apartheid. Dit is egter merkwaardig dat daar feitlik deurgaans gewaarsku is dat dit moet voldoen aan die vereiste van voordeel vir al die mense in die Suid-Afrikaanse samelewing. Die besef was dus altyd teenwoordig dat daar gevaarlike moontlikhede in die stelsel geskuil het.

In 1947 het die Raad van Kerke ’n verslag van professor E.P. Groenewald aanvaar waarin gestel is dat die Heilige Skrif inderdaad die eenheid van die menslike geslag leer, maar dat die verdeling van die mensdom ook ’n bewuste daad van God is en dat dit die wil van God is dat nasies hulle apartheid moet bly handhaaf (Raad van Kerke, 1947:279-284; vgl. Kinghorn 1986:103 e.v.).

Die vyftigerjare het ’n fase ingelui waarin talle publikasies verskyn het wat apartheid teologies onder die loep geneem het. So skryf die Stellenbosse teoloog F.J.M. Potgieter dat die apartheidsbeleid op twee suile berus, naamlik “die gedagte van die veelvormigheid en die selfbeskikkingsreg van die verskillende volke oor die woonplekke wat God aan hulle as erfdele op aarde gee (Deut. 32:8 en Hand. 17:26)” (Potgieter, 1961:30).

Die meeste van hierdie teoloë was na my mening sonder die minste twyfel eerlik daarvan oortuig dat dit die beste weg vir al die betrokkenes in ’n veelvolkige en multikulturele opset was. Daar was ook van tyd tot tyd gesprekke met die owerheid om die Kerk se kommer oor bepaalde diskriminerende aspekte in die toepassing van apartheidswetgewing uit te spreek (NGK Algemene Sinodale Kommissie, 1997:10). Dit is egter onteenseglik waar dat apartheid dikwels tot blatante onreg in die samelewing en ook in die kerk gelei het. In hierdie jare het enkele teoloë

aan die NG Kerk se opleidingsinstansies wel hulle kerk se Bybelse begronding van sy amptelike beleid sterk bevraagteken. Veral die name van professore B.B. Keet en Ben Marais kan in dié verband genoem word.

In die sestigerjare was daar verskeie pogings om die Kerk tot ander insigte oor rasseverhoudinge te beweeg. Die Cottesloe-konferensie van Desember 1960, ’n inisiatief van die Wêreldraad van Kerke, het ’n aantal aspekte van apartheid aangedui as besonder diskriminerend, byvoorbeeld kerklike eksklusiwiteit, die verbod op gemengde huwelike, en die uitsluiting van sekere mense uit deelname aan die regering van die land (Kinghorn, 1986:119). Die konferensie se verklaring is wel ondersteun deur sekere afgevaardigdes van die NG Kerk, maar al die daaropvolgende sinodes het hulle volledig daarvan gedistansieer. Die destydse eerste minister, dr. H.F. Verwoerd, het hom ook skerp teen die bevindinge van die konferensie uitgelaat (Loubser, 1987:87). Die sestigerjare het ook die opkoms van dr. Beyers Naudé se Christelike Instituut gebring as ’n poging om kerk en staat te beweeg tot die afskaffing van apartheid, maar sonder enige noemenswaardige sukses.

In dieselfde tyd het die NG Kerk meer en meer tot die oortuiging gekom dat hy sy beleid oor volkereverhoudinge teologies sal moet verantwoord teenoor kritiek van binne, maar veral ook teenoor die breër ekumeniese wêreld. Die gevolg was die dokument *Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif*, wat in 1974 deur die Algemene Sinode aanvaar is. Alhoewel die dokument uitdruklik gestel het dat Christus se tweede groot gebod die hoogste etiese norm vir goeie volkereverhoudinge is, sê dit tog ook dat die Nuwe Testament onder bepaalde omstandighede en voorwaardes “ruimte laat vir die reëling van die saambestaan van verskillende volkere in een land langs die weg van afsonderlike ontwikkeling” (RVN, 1975:13.6). Die duidelike implikasie daarvan was dat die regering se apartheidsbeleid Bybels regverdigbaar was. Daar was egter terselfdertyd in die NG Kerk ernstige voorbehoude oor bepaalde *toepassings* van apartheid in die Suid-Afrikaanse samelewing. Alhoewel hierdie dokument vir die volgende paar jaar as amptelike beleid van die Kerk sou dien, was die ongemak daarmee duidelik toe die Algemene Sinode reeds weer in 1982 opdrag gegee het dat ’n komitee onmiddellik moet begin werk aan ’n hersiening daarvan. Belangrik was die insluiting van twee prominente biblioloë as lede van die komitee.

Groeiende druk uit ekumeniese kringe het enersyds ’n weerstand teen verandering gekweek, maar andersyds tog ook weer – ten minste by sommige – vrae na die houdbaarheid van die kerk se regverdiging van apartheid laat ontwikkel. In 1982 het die Wêreldbond van Gereformeerde

Kerke verklaar dat daar in Suid-Afrika ’n *status confessionis* tot stand gekom het: die volledige verwerping van apartheid is beskou as ’n aangeleentheid waarvan dit onmoontlik was om te verskil sonder om die integriteit van gereformeerde kerke se gemeenskaplike belydenis ernstig in gedrang te bring (NGK Algemene Sinodale Kommissie, 1997:34). Die onmiddellike gevolg was die opskorting van die NG Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika se lidmaatskap van die Wêreldbond (De Gruchy 1983:88).

Die sinode van die NG Sendingkerk het hom nog dieselfde jaar met die *status confessionis* vereenselwig en bowendien verklaar dat hy met spyt die NG Kerk moet beskuldig van teologiese kettery en afgodery vanweë sy teologiese siening oor apartheid en die praktiese toepassing daarvan (NG Sendingkerk, 1982:604, 706). Die destydse Breë Moderatuur van die NG Kerk het onmiddellik sy diepe teleurstelling oor die sinodebesluit uitgespreek, en verklaar dat dié Kerk vanweë misverstande valslik beskuldig is.

Die NG Kerk-leierskap het naamlik telkens die probleem gestel dat die begrip apartheid nie altyd in dieselfde betekenis gebruik is nie. Dit was ook presies die rede waarom hulle vir jare lank en in talle ekumeniese en bilaterale gesprekke geweier het om apartheid ondubbelsinnig, onvoorwaardelik en ongedefinieerd *as sonde* te verwerp en die teologiese regverdiging daarvan as kettery. Hulle het deurgaans die mening gehuldig dat daar duidelik onderskei moet word tussen apartheid as ’n onderdrukkende stelsel wat deur gedwonge skeiding een groep mense onregmatig bo ’n ander groep bevoordeel (KS, 1990:284), en daarteenoor die reg en vryheid van mense om hulle eie kulturele en ander waardes te bewaar en te bevorder, op voorwaarde dat die regte en vryhede van ander nie daardeur geskaad word en die Bybelse eis tot naasteliefde en die aanvaarding van die medemens nie ontken word nie (KS, 1990:281). Hulle was volkome bereid om eersgenoemde as sondig te veroordeel; laasgenoemde egter nie. Die ernstige versoek van die NG Kerk in talle ekumeniese gesprekke dat daar net eers ooreengekom word oor ’n definisie van apartheid, is egter telkens van die hand gewys met die argument dat apartheid nie gedefinieer kan word nie, maar slegs ervaar kan word. Die dooie punt wat hierdeur veroorsaak is, is eers – soos aangedui sal word – jare later opgelos.

## 4. Keerpunt

Die 1986 Algemene Sinode was in meer as een opsig ’n keerpunt in die geskiedenis van die NG Kerk. Die komitee wat die 1974-dokument *Ras, volk en nasie* moes hersien, het veel verder gegaan as hulle opdrag en ’n omvattende nuwe dokument onder die titel *Kerk en samelewing* vir

oorweging aan die sinode voorgelê. Hierdie dokument, wat na lang bespreking en met talle amenderings aanvaar is, het die tafel gedek vir nog meer en ingrypender wysigings in die bestaande kerkbeleid in verband met volkereverhoudinge. Vir die eerste keer is daar ook ondubbelsinnig gesê dat die lidmaatskap van die NG Kerk oop is vir alle mense, sonder inagneming van ras of kleur.

Die ly geen twyfel nie dat daar met hierdie dokument beduidend wegbeweeg is van sekere standpunte wat nog in die 1974-dokument te vind was. Alhoewel die sinode van 1986 apartheid nog nie duidelik verwerp het nie, is die weg daartoe wel geopen. So is daar onder meer gesê:

> Namate die besinning van die Ned Geref Kerk oor die prinsipiële en Skriftuurlike begronding van die beleid wat bekend geword het as apartheid oor die jare heen in die kerklike tydskrifte, konferensies, kommissies en sinodes voortgegaan het, het die oortuiging mettertyd gegroei dat gedwonge skeiding van volke nie as 'n voorskrif uit die Bybel afgelees kan word nie. Die poging om so 'n voorskrif uit die Bybel te regverdig, moet as fout erken en afgewys word (KS, 1986: 305).

Die sinode was klaarblyklik nog tot 'n groter mate besorgd oor die *toepassing* van apartheid, eerder as oor die *essensie* daarvan. Die tersaaklike paragraaf lui byvoorbeeld:

> Die Ned Geref Kerk is oortuig dat die *hantering* (my kursivering, PCP) van apartheid as 'n politieke en maatskaplike sisteem wat mense veronreg en een groep onregmatig bo 'n ander bevoordeel, nie op Christelik-etiese gronde aanvaar kan word nie, omdat dit in stryd is met die beginsels van naasteliefde en geregtigheid en onafwendbaar die menswaardigheid van almal wat daarby betrokke is, aantas (KS, 1986:306).

Die aanvaarding van hierdie dokument deur die Algemene Sinode – en by name die paragraaf waardeur die lidmaatskap van die Kerk oopgestel is vir mense van kleur – het groot ontsteltenis en ontevredenheid onder baie lidmate veroorsaak. Uiteindelik het dit gelei tot die stigting van die Afrikaanse Protestantse Kerk vir blanke Afrikaners. Nagenoeg 30 000 lidmate en sowat eenhonderd predikante het die NG Kerk verlaat en by die nuwe kerk aangesluit. Dit is belangrik om daarop te let dat die beswaardes *teologiese* gronde aangevoer het as hulle groot probleem met die nuwe rigting wat die NG Kerk ingeslaan het. Hulle het geoordeel dat die NG Kerk die prooi geword het van 'n nuwe hermeneutiek, wat op ideologiese oorwegings gegrond was, sodat die kerk wegbeweeg het van gehoorsaamheid aan die Heilige Skrif.

Binne enkele dae na die sinode is ’n vergadering van beswaardes in Pretoria byeengeroep. Dit het uitgeloop op die beswaarskrif *Geloof en protes* as antwoord op *Kerk en samelewing*. Die bedoeling daarmee was om aan te toon waar en hoe die NG Kerk afgewyk het van Skrifbeginsels en betroubare gereformeerde teologie. Aan die hand van talle ongeëksegetiseerde Skrifverwysings – byvoorbeeld Genesis 1:11, 12, 24, 25, 26, Genesis 11, Deuteronomium 32:8, 43, Handelinge 17:26, I Korintiërs 7:17-24 en Openbaring 5:9 en 7:9 – is gestel dat verskeidenheid ’n grondliggende beginsel in God se skeppings- en voorsienigheidswerke is, waaruit daar dan gekonkludeer is tot etniese ekskluvisme in die vorming en struktuur van die kerk (Voortsettingskomitee, 1987:1 e.v.).

Dit is opvallend dat dit veral die NG-sinode se Skrifgebruik is wat afgewys word. Dit dui reeds op ’n teologiese koerswysiging by die NG Kerk, want vantevore het die beswaardes geen probleme met die Kerk se teologiese begronding van sy apartheidsbeleid gehad nie. Die Algemene Sinodale Kommissie van die NG Kerk het in ’n brosjure skerp gereageer op die dokument van die beswaardes, onder andere soos volg:

> In GP (*Geloof en Protes)* is daar heelwat teologiese redenasies. Maar wie goed luister, kan nie anders as om te besef dat dit ten diepste om besware van ’n politieke aard gaan nie.
>
> Die opstellers van GP se sentrale en groot probleem is dat *apartheid* deur die Algemene Sinode se besluite aangetas word … Die uitgangspunt van GP se opstellers is dat apartheid tot elke prys in staat en kerk gehandhaaf moet word, en hulle probeer hulle saak ook uit die Skrif bewys (NGK Algemene Sinodale Kommissie, 1988:2).

Die *Antwoord* van die Algemene Sinodale Kommissie het dit ook onomwonde gestel dat dit juis die NG Kerk was wat die erkende hermeneutiese reëls eerbiedig het, naamlik dat elke deel van die Skrif verstaan moet word met inagneming van sy volle konteks, die literatuursoort en die wyse waarop die Bybel as evangelie en Woord van God homself verstaan wil hê (NGK. Algemene Sinodale Kommissie, 1988:4). Die NG Kerk het inderdaad by die samestelling van die *Kerk en samelewing*-dokument veel meer erns gemaak met die toepassing van suiwer hermeneutiese reëls as in enige van sy vorige beleidsverklarings. Dit op sigself moes noodwendig lei tot ’n beduidende verskuiwing in die teologie van die NG Kerk.

Die Afrikaanse Protestantse Kerk het sy ontstaan teruggevoer na ’n stryd teen die liberalisme wat die oorhand gekry het in die NG Kerk. Om hulle optrede te regverdig, sê hulle dan ook:

> Gaandeweg het die liberale gedagtes ook teologiese inrigtings geïnfiltreer wat liberale kwekelinge uitgestuur het om liberaal te stem op kerklike vergaderings.
>
> Die liberale studiestuk, 'Kerk en samelewing', soos aangeneem op die NG Kerk se Algemene Sinode in Oktober 1986, het skokgolwe deur die NG Kerk gestuur en 'n intense stryd ontketen. Geskokte lidmate het gestry teen die verandering en koerswysiging van hulle kerk; gestry teen die aantasting van Skrif en belydenis; gestry teen humanistiese tendense en politieke klanke in 'n kerklike beleidstuk … – tevergeefs gestry (APK, 1989:9 e.v.).

Dit is gesien as genoegsame grond om weg te breek uit die NG Kerk en 'n nuwe kerk te stig: "Die Afrikaanse Protestantse Kerk, 'n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners".

Daarteenoor was die NG Kerk oortuig dat dit beter en eerliker teologie was wat 'n nuwe bedeling in sy beleid oor volkereverhoudinge teweeggebring het. Die Algemene Sinode van 1986 het egter klaarblyklik aangevoel dat die finale woord oor hierdie uiters komplekse aangeleentheid nog nie met die aanvaarding van die dokument *Kerk en samelewing* gespreek is nie. Daar was steeds die verantwoordelikheid om voort te gaan op die weg van soeke na meer helderheid en duideliker leiding aan die lidmate van die Kerk. Daarom is die dokument dadelik verwys na die verskillende streeksinodes vir verdere bespreking en verslag. 'n Hersiene weergawe met redelik ingrypende wysigings is dus as *Kerk en samelewing 1990* aan die Algemene Sinode van Bloemfontein in daardie jaar voorgelê.

As lid van die kommissie wat die 1990-dokument vir die sinode voorberei het, kan skrywer hiervan konstateer dat die bespreking deurgaans gekenmerk is deur die verstandhouding dat elke beroep op die Skrif hermeneuties verantwoord moes wees; die foute van die verlede ten opsigte van Skrifhantering moes nie herhaal word nie. Die werksaamhede van die kommissie was trouens 'n sterk aanduiding van 'n nuwe benadering wat binne die NG Kerk in al die teologiese vakdissiplines aan die ontwikkel was.

Gesien in die lig van staatkundige ontwikkelinge teen 1990, het die verhouding tussen die NG Kerk en die Nasionale Party juis in daardie tyd weer ernstig onder die loep gekom. Dit kan inderdaad nie ontken word dat daar wedersydse beïnvloeding was nie, wat nie vreemd is as in gedagte gehou word dat die meeste parlementslede van dié party ook lidmate van die NG Kerk was nie. Die teologiese begronding vir afsonderlike ontwikkeling wat deur die kerk en baie van sy teoloë ontwikkel is, was sonder twyfel 'n gerusstellende faktor vir die proses waardeur die

party apartheid oor die loop van dekades al meer in wetgewing vasgevat het.

Die invloed van gebeure by die 1986 Algemene Sinode op regeringsbeleid moet egter nie onderskat word nie. Dit is wel so dat daar reeds vroeër kritiese geluide oor apartheid binne die Nasionale Party gehoor is (Villa-Vicencio, 1983:71), maar dit was eintlik net 'n faksie binne die party wat ingrypende beleidswysiginge voorgestaan het. Toe die NG Kerk egter in daardie jaar laat blyk het dat hy nie meer 'n Bybelse of teologiese begronding vir apartheid kan gee nie, was dit betekenisvol vir parlementslede wat ook lidmate van hierdie kerk was. Uit gesprekke met senior partylede wat indertyd in die regering gedien het, blyk duidelik dat die ommekeer wat daar by die Kerk plaasgevind het, 'n belangrike faktor geword het in die beleidsverskuiwinge binne die party. Die ingrypender besluite van die Algemene Sinode van Bloemfontein in 1990, het ook verdere stimulus aan partydenke oor transformasie gegee.

Die belangrikste wysigings in die nuwe *Kerk en samelewing*-dokument wat deur die 1990-sinode aanvaar is, het juis oor apartheid gehandel. Dit het ook vir die eerste keer 'n belydenis van skuld aan apartheid ingesluit, toe gestel is dat die NG Kerk erken

> … dat hy te lank die beleid van apartheid … te abstrak en teoreties, en daarom ook te onkrities beoordeel het. Die Ned Geref Kerk het nie genoegsaam oog daarvoor gehad dat apartheid as stelsel onder andere ook in sy stryd teen integrasie 'n ideologiese en etnosentriese basis gekry het nie. Die reg en vryheid om aan die eie kulturele erfenis getrou te bly, is tot 'n politieke ideologie van apartheid uitgebou as 'n sisteem vir die beskerming van die eie belange van die blanke minderheid ten koste van dié van andere. Liefde vir die eie het meermale die vorm van rassisme aangeneem en daaraan is wetlike en strukturele uitdrukkingsvorme gegee.
>
> Terwyl die Ned Geref Kerk deur die jare ernstig en volhardend gesoek het na die wil van die Here in sy Woord vir ons samelewing, het die kerk gefouteer deur toe te laat dat gedwonge afsonderlikheid en skeiding van volke in sy kring selfs as 'n Bybelse eis gesien is. Die Ned Geref Kerk moes hom al baie vroeër duidelik van dié siening gedistansieeer het, en erken en bely sy versuim (KS, 1990: par. 282, 283).

Voorts stel die gewysigde dokument ook die volgende:

> Enige sisteem wat in die praktyk so funksioneer, is in die lig van die Skrif en die Christelike gewete onaanvaarbaar en moet as sondig van die hand gewys word. Enige poging van 'n kerk om so 'n sisteem Bybels-eties te probeer verdedig, moet as 'n ernstige

dwaling beskou word, dit wil sê as in stryd met die Bybel (KS, 1990: par. 285).

Na die 1990-sinode is die NG Kerk daarvan verdink dat hy weereens maar net die leiding van die regerende party gevolg het – veral op grond van Staatspresident F.W. de Klerk se toespraak van 2 Februarie, waarin verskeie politieke organisasies ontban is en die einde van die apartheid-era aangekondig is. Wat egter dikwels uit die oog verloor word, is dat die finale konsep van die dokument *Kerk en samelewing 1990* reeds in November 1989 voltooi is vir voorlegging aan die sinode en dat die paragrawe wat handel oor apartheid sonder enige noemenswaardige wysigings in Oktober 1990 deur die sinode goedgekeur is.

Twee weke na hierdie sinode het ’n afvaardiging van die NG Kerk ’n konferensie van nagenoeg 80 Suid-Afrikaanse Kerke te Rustenburg bygewoon. Daar het professor Willie Jonker, wat nie lid van die kerk-afvaardiging was nie, in ’n voordrag nie net sy eie sonde en skuld en persoonlike verantwoordelikheid bely vir die politieke, sosiale, ekonomiese en strukturele onregte waaronder die land gely het nie, maar ook bygevoeg: “I also venture to do so vicariously on behalf of the Dutch Reformed Church of which I am a member.” By die aanvang van die volgende sessie het die voorsitter van die NG Kerk se Algemene Sinodale Kommissie, wat ook leier van die Kerk se afvaardiging was, ’n verklaring gedoen waarin gesê is dat die afvaardiging die belydenis van Jonker kan onderskryf vir sover dit op die Kerk betrekking het. Hy het inderdaad nie meer gesê as wat die Algemene Sinode twee weke vantevore gedoen het nie. Dit was ook die wens van die afvaardiging dat die sinodebesluite sal kan dien as grondslag vir die versoening van al die mense en kerke van Suid-Afrika (NGK. Algemene Sinodale Kommissie, 1997:par. 5.4.2). Uit teologiese gesigspunt was hierdie gebeure betekenisvol: die NG Kerk sou nie weer poog om apartheid op Bybelse gronde te regverdig nie.

Dit was reeds voor die afsluiting van die Rustenburg-beraad duidelik dat verteenwoordigers van die NG Kerk in Afrika en die NG Sendingkerk nie deur die sinodebesluite en skuldbelydenis van die NG Kerk tevrede gestel is nie. Hulle het aangevoer dat die NG Kerk meesters met woorde was, en het gestaan by hulle eis dat die NG Kerk apartheid ondubbelsinnig en onvoorwaardelik as sonde moet verklaar en moet toegee dat die teologiese regverdiging van apartheid kettery is. Die NG Kerk wou dit nie doen nie vanweë die vrees dat sommige teenstanders van apartheid ook die reg en vryheid van ’n volk om sy eie kulturele en ander waardes te bewaar en te bevorder onder die begrip apartheid tuisgebring het. Daar het egter ’n belangrike deurbraak in hierdie verband gekom by die 1992 sitting van die Gereformeerde Ekumeniese

Raad in Atene toe die volgende deur die algemene vergadering aanvaar is: “The Assembly pastorally assures all the members of the DRC who still have reservations about the unequivocal rejection of apartheid as sin, that such rejection need not jeopardise their own cultural values” (REC, 1992:170).

Maar selfs nog belangriker was ’n besluit van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke te Debrecen in 1997. Daar is besluit om volle lidmaatskap van die NG Kerk te herstel indien die Algemene Sinode van 1998 ’n gesamentlike verklaring sou aanvaar waarin die kerke van die Wêreldbond verseker word dat die NG Kerk “rejects apartheid as wrong and sinful not only in its effects and operations but also in its fundamental nature”. Die “gesamentlike verklaring” is aan die Kerk gestuur met ’n begeleidende pastorale brief gerig aan “the Moderamen and our brothers and sisters of the Dutch Reformed Church”. Vir die Algemene Sinode was dit deurslaggewend dat hierdie pastorale skrywe die Wêreldbond se omskrywing van apartheid bevat het, naamlik “the forced separation of people of differing races denying the fundamental biblical teaching that all humanity is equally created in the image of God” (NGK Algemene Sinode, 1998:412). Die omskrywing het dit vir die sinode moontlik gemaak om die gesamentlike verklaring feitlik eenparig goed te keur. Hierdie besluit moet gesien word as die finale handeling van die NG Kerk waardeur hy sy geskiedenis van steun aan apartheid beëindig het.

## 5. Hermeneutiese verantwoording

Ten opsigte van sy teologie het die NG Kerk gedurende die twintigste eeu oor die algemeen gesproke ’n behoudende koers gevolg waarin die Heilige Skrif steeds gesien is as die beslissende maatstaf vir leer en lewe. Gehoorsaamheid aan Bybelse norme is as ononderhandelbaar gesien. Hoe lofwaardig hierdie benadering ook al was, mag nie uit die oog verloor word dat die moontlikheid van ’n foutiewe Skrifverstaan altyd aanwesig is nie. Ten spyte van die beste bedoelings het die NG Kerk en sy teoloë vanselfsprekend nie altyd aan hierdie gevaar ontkom nie. Teen die einde van die eeu is daar egter opnuut gekyk na bepaalde Skrifgedeeltes, wat dikwels ter ondersteuning van die Kerk se volkere-beleid gebruik is. Suiwer hermeneutiese beginsels in gereformeerde konteks het sonder twyfel veel swaarder geweeg as wat vroeër die geval was. Enorme druk vanuit die ekumeniese wêreld het wel ’n rol gespeel in die Kerk se motivering tot herbesinning, maar uiteindelik was dit teologiese nadenke binne die Kerk self wat tot verreikende veranderinge gelei het.

Die vraag kan nou ook gestel word of hierdie soort verskuiwings wat in die NG Kerk – en sonder twyfel ook in ander Suid-Afrikaanse gereformeerde kerke – plaasgevind het, nie die weg voorberei het vir ’n nuwe golf van teologiese denke en veral vir ’n besonder kritiese benadering tot bestaande beskouings nie. En inderdaad kan dit nie ontken word dat daar ’n opkomende geslag van teoloë is, van wie sommige nie huiwer om tradisionele beskouings en geykte interpretasies van die Skrif te bevraagteken nie. Sekere aspekte van hierdie vernuwende denke kan inderdaad waardeer word. Daar is egter ook dié wat nie meer gemaklik te rym is met egte, gereformeerde teologie nie.

Teologiese kwessies wat onlangs aan die orde gekom het, het onder andere gevra na die wyse waarop die kerk nog tot ’n postmoderne samelewing kan spreek (vgl. Du Toit, 2000:50 e.v.). Dit het dikwels heftige debatte in die kerklike en selfs in die sekulêre pers ontketen – onder andere oor die gesag van die Skrif, die historiese Jesus, die uniekheid van die Christelike geloof, die charismatisering van die kerk, asook etiese vraagstukke soos seksualiteit en die staatslotery.

## 6. Slot

Was daar ’n teologiese paradigmaskuif? Ongetwyfeld. Die uiteindelike vraag is egter of dit gedryf is deur Skrifteologie of deur ’n “sekulêre teologie” met sy wortels in die fenomeen van transformasie. Die antwoord is nie noodwendig eenduidig nie. Selfs binne die gereformeerde teologiese paradigma kan twee hoofmomente onderskei word ten opsigte van die gesag van die Heilige Skrif. In die Suid-Afrikaanse konteks is duidelik aanwysbare veranderings in die jongste dekade gesien.

Enersyds is daar diegene wat handhaaf dat die Bybel inderdaad die Woord van God is waarin ons sy onfeilbare openbaring leer ken. Dit is ook die amptelike siening van die NG Kerk – en van verskeie ander Suid-Afrikaanse kerke in die gereformeerde tradisie (Potgieter, 1998:5). Daar is aangetoon dat daar tans binne hierdie benadering veel groter versigtigheid aan die dag gelê word in die soeke na die waarheid oor leer en lewe as selfs maar twee of drie dekades gelede. Teoloë het klaarblyklik meer bewus geword van menslike feilbaarheid by die interpretasie van die Skrif. Daar was ongetwyfeld ’n verskuiwing weg van ’n byna ongekompliseerde verstaan van die teks na groter erns met die interpretasie van die teks binne sy volle konteks.

Andersyds is daar diegene wat die Bybel eerder sien as menslike getuienis oor God se openbaring, sodat dit ook inhoudelik krities beoordeel en selfs bevraagteken mag word. Binne hierdie denke het

daar in die jongste jare ’n groter vrymoedigheid ontstaan in teologiese eksperimentering. Die Suid-Afrikaanse transformasie na ’n sekulêre samelewing met sy swaar nadruk op vryheid van spraak en menseregte het ongetwyfeld ook deurgewerk na die teologie.

Wat die teoloog se benadering binne hierdie breë konteks ook al mag wees, moet hy/sy deurentyd bewus bly van die voorlopigheid van teologiese uitsprake. Die arrogansie van ’n finale woord met al die oplossings figureer nie meer sterk op die Suid-Afrikaanse teologiese toneel nie. Juis daardeur kom kerk en teologie nader aan ’n verstaan van God se waarheid vir hierdie tyd.

## Bibliografie

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK (APK). 1989. Ontmoet die APK. s.l. : PR Printers.

COERTZEN, P. 2001. Healing divisions: the road of unity in the Family of Dutch Reformed Churches in South Africa. *REC Focus*, 1(1):56-76.

DE GRUCHY, J.W. 1983. Towards a confessing church. (*In* De Gruchy, J. & Villa-Vicencio, C., *ed*. Apartheid is a heresy. Cape Town : David Philip. p. 75-93.)

DU TOIT, B. 2000. God? Geloof in ’n postmoderne tyd. Bloemfontein : CLF-Uitgewers.

HANEKOM, T.N. 1951. Die liberale rigting in Suid-Afrika. Stellenbosch : CSV.

KERK EN SAMELEWING. 1986 en 1990. Nederduitse Gereformeerde Kerk. Algemene Sinodale Kommissie. Wellington : Hugenote Uitgewers.

KINGHORN, J., *red*. 1986. Die NG Kerk en apartheid. Johannesburg : Macmillan.

KS

*kyk* Kerk en samelewing

LOUBSER, J.A. 1987. The Apartheid Bible. Cape Town : Maskew Miller Longman.

NGK

*kyk* Nederduitse Gereformeerde Kerk

N.G. SENDINGKERK. 1982. Handelinge van die sinode. s.l. : s.n.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK. ALGEMENE SINODALE KOMMISSIE. 1986. Kerk en samelewing. Eerste uitgawe. Bloemfontein : Algemene Sinodale Kommissie.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK. ALGEMENE SINODALE KOMMISSIE. 1988. Antwoord van die Ned. Geref. Kerk op Geloof en Protes. Pretoria : ASK.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK. ALGEMENE SINODALE KOMMISSIE. 1990. Kerk en samelewing. Hersiene uitgawe. Bloemfontein : Algemene Sinodale Kommissie.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK. ALGEMENE SINODALE KOMMISSIE. 1997. Die verhaal van die Ned Geref Kerk se reis met apartheid. Wellington : Hugenote Uitgewers.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK. ALGEMENE SINODE. 1975. Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif (RVN). Kaapstad : N.G. Kerk-Uitgewers.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK. ALGEMENE SINODE. 1998. Handelinge van die tiende vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Pretoria. Pretoria : NG Kerk.

POTGIETER, F.J.M. 1961. Is die apartheidsbeleid moreel te regverdig? (*In* Gerdener, G.B.A. e.a. Grense: 'n simposium oor rasse- en ander verhoudinge. Stellenbosch : UUB. p. 22-36.)

POTGIETER, P. 1998. Die NG Kerk – 'n identiteitskrisis? (*In* Snyman, F., *red*. Is die NG Kerk nog die NG Kerk? Wellington : Hugenote. p. 1-11.)

RAAD VAN KERKE. 1935. Handelinge. Kaapstad : Nasionale Pers.

RAAD VAN KERKE. 1943. Handelinge. s.l. : s.n.

RAAD VAN KERKE. 1947. Handelinge. s.l. : s.n.

REC
*kyk* REFORMED ECUMENICAL COUNCIL

REFORMED ECUMENICAL COUNCIL (REC). 1992. Acts of the Council, Athens. Grand Rapids : REC.

RVN
*kyk* NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK. ALGEMENE SINODE. 1975.

SNYMAN, F., *red*. 1998. Is die NG Kerk nog die NG Kerk? Wellington : Hugenote.

STRAUSS, S.A. 2000. Die dogmatiese lyn in die Nederduitse Gereformeerde Kerk. *In* Kaleidoskoop 2000. *Acta Theologica 2000*, Supplementum 1. p. 117-146.

VILLA-VICENCIO, C. 1983. An all-pervading heresy. (*In* De Gruchy, J. & Villa-Vicencio, C., *ed*. Apartheid is a heresy. Cape Town : David Philip. p. 59-74.)

VOORTSETTINGSKOMITEE. 1987. Geloof en protes. 'n Antwoord namens beswaarde lidmate op sekere aspekte van "Kerk en Samelewing". Pretoria : Aurora.

**Kernbegrippe:**

apartheid en die Nederduitse Gereformeerde Kerk
transformasieteologie; hermeneutiek
volkereverhoudinge: siening van; paradigmaverskuiwing

**Key concepts:**

apartheid and the Dutch Reformed Church
race relations: view of; paradigm shift
transformation theology; hermeneutics